VERJAARSDAE : 28 FEBRUARIE — 6 MAART 2010

02/28	SARIE	DE LANGE	VAN RIEBEECKLN 42	Blok 4
02/28	SANTA	ZIETSMAN	TRICHARDTWEG 13	Blok 1
02/28	GERTY	BASSON	VAN RIEBEECKLN 88	Blok 3
03/02	INA	NEL	FITZPATRICKWEG 3	Blok 2
03/03	ENGELA	VAN VUUREN	VAN RIEBEECKLN 158	Blok 2
03/04	CJ	SWIEGELAAR	RIEBEECK WS 10	Blok 1
03/04	NAOMI	VAN DER MERWE	VAN RIEBEECKLN 69	Blok 3
03/05	SANDRA	DIPPENAAR	FLEURPARK WS 7	Blok 1
03/06	NATASCHA	SWART	CLIFTON PLACE 17	Blok 4
03/06	JASPER	THERON	DE LA REYWEG 35	Blok 4
03/06	RIA	MAREE	FITZPATRICKWEG 21	Blok 2

HUWELIKHERDENKING

Hartlik geluk aan Boet en Hettie van der Wath, Hans Strijdomln 15 met die 58ste herdenking van hulle huwelik op Sondag 28 Februarie. Mag daar vir julle nog baie geseënde jare saam wees (Blok 4).

GROOT, GROOT ***ASSEBLIEF …***

Daar is so baie bakke en ander gebruiksartikels in die kombuis wat nie aan die gemeente behoort nie. Sal persone wat enige iets uit hul kombuise “vermis” asseblief na die diens in die kombuis gaan kyk of dit moontlik in die kombuis gehuisves word?

Verskeie versoeke is al gerig en die besluit is nou geneem dat indien hierdie artikels nie opgeëis is teen SONDAG 7 MAART, dit aan die Getuienisaksie se rommelverkoping-projek vir Bybelverspreiding geskenk sal word vir verkoping by hulle volgende verkoping. Baie dankie vir almal se samewerking.

ONS NOOI U REEDS NOU AL UIT NA ’N PAASSANGDIENS SONDAGAAND 18 APRIL 2010. MEER BESONDERHEDE SAL LATER DEURGEGEE WORD.

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

DIE HEROUT

Sondag, 28 Februarie 2010

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 28 FEBRUARIE
09:00 Erediens: Freddie Schoeman
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier/Speel saam

MAANDAG, 1 MAART
19:00 Bedieningspanvergadering

DINSDAG 2 MAART
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie
18:30 Alphakursus

WOENSDAG, 3 MAART
17:00 Biduur

DONDERDAG, 4 MAART
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

VRYDAG, 5 MAART
10:00 Wêreldbiddag vir Vroue
18:00 Jeug: OppiKoffie

SATERDAG, 6 MAART
Wêreldbiddag vir Manne

SONDAG, 7 MAART
09:00 Erediens: Ds Odie Odendaal
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier/Speel saam

MAANDAG, 8 MAART
17:00 Bedryfspanvergadering

DINSDAG, 9 MAART
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie
18:30 Alphakursus

WOENSDAG, 10 MAART
17:00 Biduur
Inbetaling Diakonie

DONDERDAG, 11 MAART
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SONDAG, 14 MAART
09:00 Erediens: Freddie Schoeman
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier/Speel saam

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012 664 3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Frieda Collins, Stormstr 259a wat die afgelope week ‘n ernstige knie-operasie ondergaan het (Blok 4).
2. Anton en Marietjie Vorster, Krugerln 3 met Marietjie wat tuis aansterk (Blok 4).
3. Michiel en Esmarie van Niekerk, Mont Valon 26, Von Willighln 166 met Esmarie wat ‘n ernstige operasie ondergaan het en nog geruime tyd in die hospitaal gaan wees (Blok 4).
4. Adam en Shereen Barnard, Witelsstr 1 met Shereen se moeder wat ernstig siek is (Blok 4).
5. Willie en Tania Neü, Krugerln 250 met Tania se moeder wat ernstig siek is (Blok1).
6. Johan en Elize de Beer, Krugerlaan 218 met Johan. Dit gaan op die oomblik baie beter met hom. Ons dank die Here daarvoor (Blok 2).
7. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat nog steeds wag op ‘n skenker vir ‘n nieroorplanting. (Blok 2). Ons vra voorbidding vir die hele gesin.

BAIE DANKIE ...

Pieter en Anna Veldsman, Tecoma WS 5 sê baie dankie vir die ge-meente se gebede en belangstelling met Pieter se siekte. Dit gaan baie beter met hom en hulle is baie dankbaar teenoor die Here vir die beterskap. (Blok 1).

Alpha

'n Geleentheid om die betekenis van die lewe te ontdek

19 Januarie 2010—23 Maart 2010

Elke Dinsdagaand om 18:30—21:00
Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by
http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

Almal is welkom! Nooi gerus alle ander (familie, vriende, kollegas) wat nog die Alpha-kursus bygewoon het nie.

Vat vyf: identifiseer vyf persone wat nie die Here of die warmte en liefde van 'n geloofsgemeenskap ken nie en bou 'n verhouding met hulle op. Nooi hulle om die Alpha-kursus by te woon.

DANKOFFER PER INTERNET

Lidmate is welkom om hulle maandelikse dankoffer / geloofoffer per internet oor te plaas.
Die gemeente se rekeningbesonderhede is as volg:
ABSA Lyttelton / Takkode: 632 005
Gemeentefonds (vir dankoffers) 0600 580 159
Geloofoffer: 4050 438 756

Jy kan ook ons webtuiste besoek by www.lytteltonoos.org.za en op die GivenGain ikoon klik om dankofferoordrag te vergemaklik

Daar is ook eDebietordervorms in die konsistorie beskikbaar—kom vra vir een na die diens of skakel Sexta Maree by 0126644458 Maandae of Woensdae of op haar sel 0724344670 of vra een aan by ngk@lytteltonoos.org.za.

Vanweë die veiligheidsituasie is dit meer wenslik om by huise te kollekteer nie.

RUSOORD GHOLFDAG 21 MEI 2010

Rusoord versorg 'n aantal inwoners wat nie hulle volle versorgingskoste kan betaal nie. Fondse word jaarliks ingesamel om hierdie bejaardes finansieel by te staan.
Een van die projekte vir 2010 is 'n gholfdag op 21 Mei 2010 by die Dienste Gholfbaan (Voortrekkerhoogte). Inskrywingsgelde beloop R 350-00 per speler.
Vir meer inligting en inskrywings, skakel asb Bubbles Burger by 012 - 664 3388 / 082 820 4327.

BEGRAFNISBEDIENING

Kom help met die skink van tee en die voorbereiding van verversings met begrafnisse in die gemeente. Dis 'n liefdesdiens wat opreg waardeer word!
Kontak Ria Maree 0126643364

BLOKBEDIENING

Ons is op soek na blokleiers wat gereelde besoeke aan alle lidmate in bloksverband kan koördineer.
Kontak Kobus Badenhorst 0832351084

KLUB IMMERGROEN

Hierdie bediening fokus op ons senior lidmate en het onder andere ten doel om bejaardes te versorg. As jy lief is vir ouer mense, hier is vir jou 'n geleentheid om te dien.
Kontak Rina van der Merwe 0126642469

Weet jy van nood in die gemeente?
Moenie huiwer om te skakel nie.
Ons help graag waar ons kan.
Kontak Madelaine Steyn 0823542455

Wil jy graag dien maar jy weet nie waar nie?
Wil jy weet wat jou talente en spesiale vermoëns is?

ONTDEK JOU POTENSIAAL

Kom vind uit waarmee die Here jou toegerus het
Ontdek jou onontginde natuurlike vermoëns en talente en jou unieke samestelling
Kry duidelikheid oor jou beroepskeuse
Leer hoe om talente om te sit in areas van uitnemendheid
Verneem waar jy 'n unieke bydrae kan lewer

Werksinkels hierdie jaar:
15 Mei 2010 (08:00—16:00)
28 Augustus 2010 (08:00—16:00)
23 Oktober 2010 (08:00—16:00)

Koste: R290
(Sluit in: 'n internet-toets wat vooraf gedoen moet word; kursusmateriaal, verversings en 'n middagete)

Skryf in deur: 'n SMS te stuur aan 0845818139
'n Terugvoervorm te voltooi
Bywoning op ons Facebook bladsy aan te dui
(soek vir NG Gemeente Lyttelton-Oos)

VERSORGINGSBEDIENING

Deel van die Here se droom vir ons gemeente is dat elke lidmaat hier tuis en geborge sal voel. Elkeen moet weet dat daar vir hom/haar omgegee word en dat wanneer daar nood is die gemeente gereed staan om te help. Vir hierdie droom om waar te word, het ons mense met "omgee-harte" nodig. Kyk na die bedienings hieronder en kom help daar waar die Here jou hart se punt heen trek!

BERADINGSGROEP

Ons is nie terapeute - nie net mense wat luister en omgee. Dit word baie streng vertroulik hanteer. Die bediening sluit in Trauma - soos dood in familie, inbrake ens. Ook Jeug-probleme – dwelms, drank, hantering van groepsdruk, ensovoorts.

Kontak Madelaine Steyn 0823542455

SIEKE / HOSPITAALBESOEK

Lidmate in die hospitaal word deur die leraar besoek maar dis by verre nie genoeg nie. Mense wat siek is en / of pyn verduur het mense se ondersteuning en onderskraging nodig. Kom help ons om dit te gee! **Kontak Freddie Schoeman (0845818139) Odie Odendaal (0126646526) of Heinz Meissner (0828068530)**

HELPMEKAAR

Kom ons help mekaar om ons talente en gawes
te gebruik tot eer van die Heer!!

Om na ander uit te reik beteken ook om te help waar ons kan, veral in nood en ook wanneer ek tyd of oorvloed het. Vul gerus die vorm in die middelblaaie van die Herout in indien jy graag jou talente en vermoëns beskikbaar kan stel

Kontak Frik Strydom 082 4453784

VOEDSELBEDIEING

Dit is nie net vir mense wat nie kos het om op die tafel te sit nie. Dit is ook vir mense wat opgeneem word in die hospitaal; wat siek is by die huis; wat iemand aan die dood afgestaan het. Ons is daar om hulp te verleen vir twee tot drie aande se etes of enige iets anders wat nodig sou wees. Hier het ons die gemeente se insette en ore en oë nodig om ons in kennis te stel van sulke gevalle.

Kontak Arie Roos 0825786595

TELEFOONBERADING

Vrywilligers word benodig wat bereid sal wees om noodlyndiens te doen vir enige gemeentelid wat nie direk met iemand wil praat nie. Die bediening is 'n 24 uur bediening - dus moet u bereid wees om enige tyd beskikbaar te wees. Daar sal so gou moontlik 'n kursus aangebied word.

Kontak Madelaine Steyn 0823542455

VERVOERBEDIENING

Soms gebeur dit dat een van ons vervoer benodig om inkopies te doen, 'n besoek af te lê of 'n erediens by te woon. As jy bereid is om jou dienste in hierdie verband beskikbaar te stel …

Kontak Hardus du Preez 0828871364

KEN-MEKAAR

Ons wil graag verseker dat die gemeente mekaar ken en daarom wil ons voor die einde van die jaar almal voorstel aan die gemeente.

Dit verseker beter omgee, opregte belangstelling en 'n gevoel van behoort in die gemeente.

In die verloop van die jaar sal almal gekontak word vir 'n foto van elke lidmaat of gesinne, indien daar nie 'n foto beskikbaar is nie, sal ons 'n afspraak maak om een te neem. Indien julle wel fotos beskikbaar het, stuur dit asseblief vir Mariana Strydom by mstrydom@sifuna.co.za of kontak haar by 082 451 5811 om fotos te kom afhaal.



Lydenstyd

'n Tyd vir verootmoediging en hertoewyding.

17 Februarie tot 3 April 2010

Belangrike datums:

Sondag 28 Maart om 09:00—Palmsondag
Donderdag 1 April 19:00—Nagmaal
Vrydag 2 April 09:00—Goeie Vrydagdiens
Sondag 4 April 09:00—Opstandingsondag

WÊRELDBIDDAG VIR VROUE : 5 Maart 2010, 10:00

Centurion-Wes Presbiteriaanse Kerk is die gasvrou gemeente in Centurion vanjaar. Die biddag is op 5 Maart 2010 om 10:00 en ons adres is Alettalaan 186, Raslouw. Alettalaan draai links uit Ruimteweg as jy in 'n westelike rigting ry, net nadat jy Rooihuiskraalweg gekruis het. Dit is naby die Mall @ Reds en naby Ruimteweg en Rooihuiskraalweg.

Die GPS ko-ordinate is Garmin: S 25 52.03 48 - E 28 07. 53 34.

Die tema van die program is:

"ALLES WAT ASEM HET, LOOF, LOOF DIE HEER!"

Dit is vanjaar voorberei deur die Komitee van die Vroue Wêreldbiddag van Kameroen. In Suid-Afrika sal dit die 80ste Wêreldbiddag vir Vroue wees.

WÊRELDBIDDAG VIR MANNE

Die wêreldbiddag vir manne vind plaas op SATERDAG, 6 MAART 2010 in samewerking met Monumentpark-Wes Gemeente. 'n Ligte ontbyt word aangebied. Die spreker vir die geleentheid se naam sal later deurgegee word. Skakel Johan Bauer vir meer inligting: Tel 012 664 2230/083 305 3768

GEBEDSBRIEF
SONDAG 28 FEBRUARIE 2010

'n Gebed van Dankbaarheid, Respek en Bewuswording

O Gees van God wie se asem aan alles lewe gee,
en wie se stem in die sagte bries fluister,
Ons het u krag en wysheid nodig.
O God, leer ons om die skoonheid van u skepping raak te sien.
Gee ons oë wat nie moeg raak vir die kleure van die sakkende son
of die skitterende reënboog nie.
Gee ons ore wat die brul van 'n leeu
en die sagte sleepgang van 'n wurm met ewe veel respek aanhoor.
Maak ons oplettend vir die boodskap van u liefde
wat in elke blaar en blom geskryf is.
Laat ons elke dag so lewe dat ons in die aand
voor U kan buig met skoon hande en eerlike oë.

(Hierdie is 'n gebed wat gestuur is uit Ghana)

'n Gebed van Liefde, Vergifnis en Lewe

Here maak my 'n instrument van u vrede.
Waar daar haat is, laat my liefde saai;
Waar mense seergekry het,
Help my om vergifnis te bewerk;
Waar daar twyfel is, laat my sekerheid bring;
Waar daar wanhoop is, hoop;
Waar dit donker is, lig; waar daar hartseer is, vreugde.
Gee dat ek nie soseer sal soek om vertroos te word nie,
maar om ander te troos;
om begryp te word nie, maar om ander te verstaan;
om bemin te word nie, maar om liefde te gee.
Slegs wanneer ons gee, ontvang ons;
wanneer ons self vergewe, kan ons ander se vergifnis aanvaar;
en wanneer ons aan onsself sterwe, word ons gebore tot die Lewe.

('n Gebed deur Franciscus van Assisi in die 13de eeu)

Mag u 'n wonderlike week in die teenwoordigheid van God ervaar.

Groete : Gebedspan

RUSOORD : MÔREMARK—27 MAART 2010

Ons benodig weer baie items vir ons witolifanttafel. Ons vertrou dat u gemeentelede weer ruim sal bydra. Hulle kan alle items wat tuis in onbruik geraak het, vir Rusoord skenk. Ons neem enige iets.

Ons benodig ook koeke en gebak vir die koektafel. Is daar dalk iemand wat kan help? Indien ons bestanddele kan kry, sal ons reël dat daar gebak word.

Baie dankie vir u bystand om die versorging van verswakte bejaardes, moontlik te maak.

Rusoord groete. Joggie Pretorius

CMR VAKANSIEPROJEK : IRENE MIDDLE SCHOOL

CMR Lyttelton se maatskaplike werker, mev Anel Roux, bied weer 'n vakansieprojek aan by Irene Middle School gedurende die **Maart/April** skoolvakansie (**29 Maart tot 1 April)** vir **60** swart skoolkinders. Die tema vir die week is "Be free to have a choice". Dit gaan fokus op alkohol- en dwelmvoorkoming onder die jeug.

Ons wil hierdie jaar weer soos in die verlede van die vrymoedigheid gebruik maak om te vra of Lyttelton-Oos gemeente 'n donasie sal gee vir die projek.

Ons benodig die volgende:

Koekies vir 60 kinders vir 2 dae

Bevestig asseblief of dit vir julle moontlik sal wees om bogenoemde te reël.

Byvoorbaat dank

MEV ANEL ROUX

ATTESTATE ONTVANG

Vanaf halfweghuis:
Belydende lidmate:
Eben Alexander de Wit en Petronella Kotze (nou De Wit)
Hulle woon in Hans Strijdomln 79 (Wyk 18Aa)
Vanaf Wierdapark-Suid:
Belydende lidmaat:
Wilhelmina Petronella Terblanche (nou Pienaar)
Dooplidmaat: Rohan Ferreira
Hulle woon in Zeeland WS 7
Vanaf Valhalla:
Dooplidmaat:
Willem Coetzer
Vanaf Universiteitsoord:
Cecilia Antoinette Botha (nou Coetzer)
Hulle woon in Krugerlaan 230

Hartlik welkom aan u almal. Ons hoop u sal baie gelukkig wees hier by ons in Lyttelton-Oos.

het ek dit nie ernstig opgeneem nie, want daar is so baie mense by die Koffiehuis wat oor God praat. Dit was eers toe ek haar weer ontmoet het, dat ek regtig deur haar bemoedig is. Sy het vir my gesê dat ek spesiaal was en anders as die ander seuns op straat omdat ek nie tou opgegooi het nie.

Deur my onmoeting met Katja, het ek uitgevind van die Crossroad Kids Sorgsentrum, en het vir die afgelope jaar daar gebly. Ek het in my geloof gegroei, deur Bybelstudie en besoeke aan die Emmanuel Kerk. Katja het my ook ‘n Bybel in my moedertaal, Venda, gegee want elkeen behoort ‘n Bybel te hê wat hy verstaan. Ons het steeds ‘n goeie verhouding en sy het my geborg om op die OM “Teen Street” kamp en die OM “Global Challenge” Uitreik te gaan.

Dit was gedurende hierdie OM Uitreike dat ek my passie vir evangelisasie ontdek het. Ons het die Thembisa Hospitaal besoek tydens Teen Street en my hart was vol deernis om die evangelie met die pasiënte te deel. Ek wou hulle die hoop en bemoediging van Jesus Christus bring.

Ek wou regtig graag by die OM opleidingspan in 2010 aansluit, want ek besef God het my ‘n hart gegee om te evangeliseer en passie om ander te bemoedig met my getuienis. My droom is om na daardie lande te reis waar hulle nog nie die evangelie gehoor het nie en vir hulle tot seen te wees

My lewe het danksy God regtig in die laaste jaar verander. Ek het gevoel toe ek op die straat geleef het, ek nie kon oorleef nie. My gesindheid was negatief en ek het gevoel ek was waardeloos, maar God het my na die Koffiehuis gebring. Hy het vir my nuwe denke en ‘n nuwe familie gegee. My lewens skrifgedeeltes is Jeremia 29.11, want ek glo God het ‘n plan vir my lewe en dat Hy my deur al hierdie ervarings gebring het sodat ek dit met ander mense kan deel en hulle bemoedig. Ek hou ook van Psalm 42.7 want God het my uit my gevangenis gebring sodat ek Hom kan loof en ander van Hom kan hoor.

Van sy OM Leier

Thabo neem nou deel aan Operasie Mobilisasie (OM) se ses maande opleidingsprogram. Die program is ontwerp om persone vir die sendingveld toe te rus en om jongmense te help groei in hulle verhouding met die Here. Terwyl Thabo met opleiding besig is, sal hy deelneem aan vier evangeliese uitreike, leer van kruis-kulturele sending, naderkom aan die Vaderhart van God en leer om ‘n dienaar te word. Dit is ‘n uitstekende geleentheid vir enige jongmens wat verder met God wil gaan. Bid asseblief vir Thabo terwyl Hy met die Here op reis is vir hierdie volgende ses maande. Hy sal God se wil soek omtrent wat sy volgende stap is na die opleiding.
Enige iemand wat by OM aansluit kom met hulle eie persoonlike ondersteuning.
Thabo se ondersteunings doelwitte is R3000 per maand. Ons kan nie almal na die sendingveld gaan nie, maar ons kan beslis bid vir sendelinge, en ons kan netwerk met hulle finansieel om hulle uit te stuur.

OMSENDBRIEF AAN JEUG-OUERS NO 6

Ons gaan 'n wonderlike besige jaar hê en wil sommer nou al dankie sê vir al u insette en hulp met die Jeug. (Jnr en Snr) Ons wil graag 2 Vrydae aande van die maand, vir die kinders 'n lekker sosiale aand reël waar ons of by die kerk fliek/speletjies/aktiwiteit van soorte wil doen of op 'n uitstappie gaan bv. Ten Pin Bowling gaan speel of so iets. Ons het hierin dringend hulp nodig en Tian en Susan Dry het aangedui dat hulle moontlik beskikbaar sal wees hiervoor. Baie dankie vir julle oorweging. Indien daar enige iemand anders is wat ook graag wil help sal dit waardeer word. Ons wil graag die Tieners leer dat ons as Christene ook lekker sosiaal kan verkeer.

Ek wil ook van die geleentheid gebruik maak om vir Tersia Dercksen baie dankie sê vir haar inisiatief romdom die orkes wat sy bymekaar wil kry. Dankie, ons wens jou alle sukses toe hiermee. Dit gaan “great” wees.

Asseblief ouers, as daar enige iets is wat u graag met my wil bespreek, iets wat pla, of waarmee u nie saamstem nie, praat met my sodat ons 'n plan kan maak.

Hoop u het 'n wonderlike week.

Jesus Groete
Madelaine Steyn
sel: 0823542455

LIDMATE VERKIES TOT DIE KERKRAAD

Op die kerkraadsvergadering van Woensdag, 24 Februarie is die volgende lidmate verkies tot die Kerkraad.

Ouderling:	SB Buys, Hans Strijdomln 143 (Ondervoorsitter Kerkraad)
	WJ Haywood, Van Riebeeckln 136 (Bedieningspanleier)
Diaken:	P Blignaut, Krugerln 141

Die Gemeente se voorbidding word gevra vir hierdie lidmate in die besluit wat hulle moet neem.

TUINPROJEK
"GROEN VINGERPROJEK"
Nuusbrief

Die kerk kan nie geld beskikbaar stel vir die tuinprojek nie. Op aanbeveling van die Bedryfspan wil ons vra of van die gemeentelede nie 'n plant wil borg nie?

Die volgende plante is nodig vir die voorste plantbak:

7 Duranta repens (mopkoppe - met lang stam) teen R100.00 elk.
8 Duranta repens variegata (5 liter) teen ± R20/R30 elk.
5 Franse lavender teen ± R30/R40 elk

Sou u 'n plant wou borg, kontak asseblief vir:

Helet van der Walt by 083 556 0532
Gerda Odendaal by 012 664-6526

Hartlike tuingroete!

BLOMME, PLANTE VIR
DIE EREDIENSTE
TOEWYDINGSPROSES - EREDIENS

Die gemeente is in 'n proses van herstrukturering waartydens gemeentelede vrywillig verantwoordelikheid neem en volgens hul talent en belangstelling betrokke raak. So ook met die blomme of plante tydens die eredienste.

'n Komponent van die erediens wat uit God se skepping kom en aan Hom nog verdere eer en dankbaarheid kan bring is PLANTE OF BLOMME in Sy huis!!

Dit is met opgewondenheid dat ons nou kan bekendmaak dat ERIKA PIENAAR ingestem het om as KOÖRDINEERDER vir die blomme of plante in die kerk op te tree.

Ons gaan 'n nuwe benadering volg omdat daar nie geld beskikbaar is vir blomme in die kerk nie. Sou enige gemeentelid dalk 'n bos blomme in die huis of in die tuin het, bv. rose, varkore, krismisrose, orgideë of clivias, ensovoorts in die tuin, KOM DEEL DIT ASSEBLIEF VIR 'N SONDAGOGGEND MET ONS.

Skakel dan vir Erika Pienaar en tref 'n reëling met haar asook met Willem Scholtz, ons koster. Enige persoon wat graag met blomme of loof rangskik of wat plante beskikbaar het, KONTAK ASSEBLIEF vir

BLOMME/PLANTE RANGSKIKKINGS KOÖRDINEERDER

ERIKA PIENAAR : (012) 664-4685 / 082 319 3543

Skakel haar ná 08:00-10:00 of ná 20:00

Nuus van Aksie Arbeiders vir die Oes (ALHarvest Mission) waar ons gestuurde leraar, Jan van Jaarsveld, by betrokke is. Hy word deur die Gemeente se Geloofsoffer ondersteun. Baie dankie vir die beloftes wat met die geloofsoffer gemaak is. Ons hou God se werk in stand.

Action Labourers for the Harvest
ALHarvest
Moving people... touching nations

Kruisweg Crossroad
Koffiehuis Coffee-house

CROSSROADKIDS Care Centre

'n Getuienis van wanhoop wat in hoop omskep is.

My naam is Thabo Radzuma en ek is in Venda gebore, in 'n dorpie met die naam van Mutoti. Ek het opgegroei in 'n huishouding waar my pa 'n alkoholis was, en ek en my suster die hele tyd in vrees geleef het. Hy sou op 'n Vrydag dronk by die huis aankom en ons klere buitekant gooi en sê dat ons nie aan hom behoort nie. Op die ou end het my suster weggeloop en ek en my ma alleen agtergelaat. Ons sou na die polisiestasie gaan vir beskerming maar hulle het vir ons gesê dat hulle ons nie kan help nie. Die lewe was vir ons 'n stryd en gedurende daardie tyd het ek gewerk deur hout en water te gaan haal vir die mense in my dorpie, sodat ek net my skoolfonds kon betaal en my ma te help ondersteun.

Ten einde laaste het my ma weggegaan toe ek 12 jaar oud was, en tot vandag nog weet ek steeds nie waar sy is nie. Ek was alleen by my pa en dit was 'n baie slegte situasie. Ek het probeer om by verskeie familielede te bly, maar ek was altyd 'n oorlas en hulle kon my nie ondersteun nie. Ek het gehoor dat my ma iewers in 'n lokasie buite Pretoria gebly het, en het toe daarheen getrek met die hoop dat ek haar sou vind. Ek het nie daarin geslaag om haar of my suster op te spoor nie. Met geen kos en niemand om na my om te sien nie, was ek desperaat vir 'n werk.

Ek het op die ou end verskeie werkies gehad en het vir bykans 'n jaar op straat gebly. In hierdie tyd het ek hopeloos gevoel. Ek het my tuiste verlaat en gedink dat ek iets beter gaan vind, maar ek het dikwels gevoel dat ek in my omstandighede slegter af was. Ek het nooit enige positiewe bemoediging gekry nie, net negatiewe dinge was oor my lewe uitgespreek. Dit was totdat ek na die Kruisweg Koffiehuis begin gaan het vir kos op Woensdae en Vrydagaande. Daar het ek 'n OM vrywillige werker ontmoet met die naam van Katja. Sy het met my oor God gepraat an oor my toekoms. Eers